**PROKLAMASIE NO. R. 19 VAN 2016**

**van die**
**PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA**

**WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996 (WET NO. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID EN SPESIALE TRIBUNAAL**

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996) (hierna na verwys as "die Wet"), gemaak is in verband met die aangeleenthede van die Konstruksie Industrie Ontwikkelingsraad (hierna na verwys as "die Raad");

EN AANGESIEN die—
(*a*) Raad; en
(*b*) Staatsinstellings, soos omskryf in artikel 1 van die Wet, wie op die sogenaamde regmatige besluite van die Raad gehandel het (hierna na verwys as "die Staatsinstellings"),

moontlik verliese gely het wat verhaal kan word;

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van die Wet, die aangeleenthede in die Bylae vermeld, ten opsigte van die Raad en die Staatsinstellings, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van die aangeleenthede, die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige beweerde—
(*a*) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleenthede van die Raad;
(*b*) onbehoorlike of onregmatige optrede deur beamptes of werknemers van die Raad;
(*c*) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;
(*d*) onwettige, onreëlmatige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
(*e*) opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom;
(*f*) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe gepleeg is in verband met die sake van die Raad; of
(*g*) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

wat plaasgevind het tussen 1 Januarie 2006 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 1 January 2006 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekeenheid toegewys of opgedra is, uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die Raad of Staatsinstellings gely is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaaptstad op hede die Sestiende dag van Maart Twee duisend-en-sestien.

**J G Zuma**
**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**T M Masutha**
**Minister van die Kabinet**

**Bylae**

1. Wanadministrasie in die sake van die Raad ten opsigte van—

(*a*) die ontvangs van, of die prosessering van, of toestaan van aansoeke deur kontrakteurs tot die Raad vir registrasie as 'n kontrakteur in die register van kontrakteurs soos beoog in artikel 16 van die "Construction Industry Development Board Act, 2000 (Act No. 38 of 2000)"; of

(*b*) kontrakteur-graderingsaanwysings wat deur die Raad aan kontrakteurs toegeken is, op 'n wyse wat—

  (i) strydig was met —

    (*aa*) toepaslike wetgewing;

    (*bb*) toepaslike handleidings, riglyne, praktyknotas of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie, die Departement van Openbare Werke, die Departement van Handel en Nywerheid of enige ander toepaslike reguleringsowerhede uitgereik is; of

    (*cc*) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Raad van toepassing is;

  (ii) uitgevoer is of gefasiliteer is deur die onbehoorlike optrede van—

    (*aa*) beamptes of werknemers van die Raad met 'n ongeopenbaarde of ongemagtigde konflik van belange; of

    (*bb*) kontrakteurs of enige derde party,

  om hulself of andere op 'n korrupte wyse ten onregte te bevoordeel; of

(iii) bedrieglik was.

2. Enige—

(*a*) versuim om voldoende maatreëls te implementeer om vertroulike of geprivilegieerde inligting of rekords wat aan die Raad verskaf is, te bewaar; of

(*b*) onreëlmatige verspreiding van vertroulike of geprivilegieerde inligting of rekords deur beamptes of werknemers van die Raad aan persone of entiteite wat nie regmatig op die inligting of rekords geregtig is nie.

3. Die aanstelling van 'n diensverskaffer deur die Raad, kragtens bodnommer RFB30026, op 'n paneel van diensverskaffers om ondersoeke vir die Raad in te stel oor 'n periode van drie jaar en enige daaropvolgende werk wat deur die Raad aan die diensverskaffer toegeken is, op 'n wyse wat—

(*a*) nie regverdig, billik, deursigtig, mededingend of koste-effektief was nie; of

(*b*) strydig was met —

(i) toepaslike wetgewing;

(ii) toepaslike handleidings, riglyne, praktyknotas of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is; of

(iii) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Raad van toepassing is,

en enige verwante ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspilde uitgawes wat deur die Raad aangegaan is.

4. Die geldigheid van konstruksie-werkskontrakte wat die Staatsinstellings aan kontrakteurs, beoog in paragraaf 1 van hierdie Bylae, toegeken het, waar die Staatsinstellings gesteun het op die onregmatige of ongeldige—

(*a*) registrasie as kontrakteurs in die register vir kontrakteurs; of

(*b*) kontrakteur-graderingaanwysings wat deur die Raad aan daardie kontrakteurs toegeken is.

5. Enige onbehoorlike of onwettige gedrag van beamptes of werknemers van die Raad, die kontrakteurs beoog in paragraaf 1 van hierdie Bylae of enige ander persoon, ten opsigte van die bewerings vervat in paragrawe 1, 2 of 3 van hierdie Bylae.